

Source: FINANSIES EN TEGNIEK

Date: 22-Aug-2003

Topic: 08

Ref No: 12808



1

ID: 02984922-01 Source Page: 16

SASRIA

Versekeraar wys die wêreld hoe

'n Oorblyfsel uit die apartheids tyd word 'n belangrike speler.

SASRIA, die versekeraar vir politieke risiko, het sy premies vanjaar deur die bank met 20% verhoog, te midde van heftige protes van talle makelaars. Op sigwaarde is hul verontwaardiging te verstane, met die dat Sasria se netto onderskryfmarge 74% is in 'n bedryf waar 'n marge van 4% as 'n prestasie beskou word.

Hoewel Sasria se resultate lyk soos iets waarvan korttermynversekeraars net droom, "was die styging geregverdig en nodig", sê Michael Strydom, besturende direkteur.

Die terreur op 11 September 2001 in Amerika het Sasria verander van wat gelyk het na 'n oorblyfsel van die apartheidstyd na 'n belangrike skakel in SA se versekeringsketting.

Die gebeure het Sasria ook in die wêreld se kollig laat beland. "Ná die aanvalle het ons 'n stortvloed navrae ontvang van dwarsoor die wêreld – insluitend die VSA – om uit te vind hoe ons werk," sê Strydom.

"Vandag vorm Sasria se model die fondament vir regeringsondersteunde skemas in Asië en Amerika. Jy kan maar sê ons het 'n wêreldleier op die gebied geword."

In 1999 het dinge egter baie anders gelyk. As 'n statutêre liggaam wat in

1979 gestig is om politieke risiko te dek waarvoor ander versekeraars te bang of onwillig was, het dit gelyk of Sasria nie meer 'n nut het nie. Ná 'n aktuariële peiling deur Tillinghast Towers Perin, een van die wêreld se grootste bestuurskonsultasiemaatskappye, het Sasria drastiese veranderings ondergaan.

Die statutêre liggaam is verander in 'n geregistreerde maatskappy met die staat as die grootste aandeelhouer en 'n besluit is geneem om die oorskot van R11,5 miljard deur 'n spesiale dividend te verdeel. 'n Omvattende herversekeringsprogram is begin met 'n "finale" regeringsgesteunde R1 miljard.

Toe kom 11 September en twee aktuariële peilings, dié keer deur Deloitte & Touche Aktuarisse. Soos verwag kon word, is bevind dat Sasria se risikoblootstelling meer as verdubbel het, met die geskatte maksimum verlies wat gestyg het van R2 miljard na tussen R4 miljard en R5 miljard. Die raad: verhoog die beskikbare reserwes na 'n minimum van R1,5 miljard, hou herversekeringsdekking op bestaande vlakke en skuif premies met minstens 20% op.

"Hoewel ons ver van bankrot was, was ons reserwes te klein," sê Strydom. "Sasria se premies is ook die vorige agt jaar met sowat 70% gesny."

Om sake te vererger, het die herversekeringsverdrag wat in 1999 beding is, einde verlede jaar verval. Hoewel dit die aanvanklike styging in herversekeringskoste in 2001 vrygespring het, het die nuwe verdrag saamgeval met 'n styging van 47% in premies. Selfs sommige van die felste kritici teen Sasria se premieverhoging van 20% (wat sowat R50 per jaar bedra), gee toe dat die dekking teen die huidige prys steeds goedkoop is.

"Dit verteenwoordig sowat 0,1% van die waarde van die versekerde items," sê Rod Pearson, hoof van Glenrand MIB se tegniese afdeling. "SA het Sasria nodig."

Nog 'n verandering wat kritiek ontlok, is die uitsluiting van dekking in die geval van chemiese, kern- en biologiese aanvalle. "Dit was 'n voorwaarde waarop ons herversekeraars aangedring het," sê Strydom.

Kan Sasria uiteindelik geprivatiseer word? Dit was die regering se doelwit in 1999, maar dit is onderworpe aan 'n moratorium van vyf jaar, wat in 2006 eindig.

"Privatisering bly 'n voorkeur vir die regering," sê Strydom.

"Intussen beplan ons om Sasria te posisioneer om steeds mededingend te wees sou hy wel geprivatiseer word."

Stafford Thomas
stthomas@media24.com